



PASIËNT INLIGTINGSBROSJURE

BY EN PERDEBY-ALLERGIE

- Bye en Perdebye is insekte van die Hymenoptera orde, wat Heuningbye (*Apis mellifera*), die Geeljasperdeby (*Vespula germanica*) en die Papierperdeby (*Polistes emarginata*) insluit.
- Hulle is gewoonlik meer aktief gedurende die Lente en Somer as in die kouer maande.
- Bye en Perdebye is sosiale insekte wat alleenlik sal aanval wanneer hulle hulself verdedig of versteur word, hoewel die Afrika Heuningbye bekend is daarvoor om meer aggressief te wees as ander bye.
- Die Heuningbye is die enigste insek wat 'n angel in die vel agterlaat. Die vroulike werker-heuningbye se angel is weerhakig en sy gaan dood sodra sy die angel verloor het.
- Allergie vir die heuningbye se gif is algemeen in Suid-Afrika, terwyl perdeby-allergie meer algemeen in Europa voorkom.

KLINIESE EIENSKAPPE VAN BYSTEEK-ALLERGIE

- Dit gaan gewoonlik gepaard met 'n rooiheid, pyn en swelling rondom die plek van die bysteeke, wat dan binne ure verbeter.
- By 'n allergiese individu duur die reaksie langer en is ernstiger.
- 'n Gematigde allergiese reaksie kan rooiheid, swelling, jeukerigheid en pyn veroorsaak, binne minute nadat die persoon gesteek is.
- Meer ernstige reaksies sluit algehele swelling en jeukerigheid, swakheid, sweet en 'n hewige hoofpyn, maagkrampe of braking in, en 'n gevoel van naderende noodlot, 'n toegetrekte bors of 'n gevoel van versmoring met swelling van die keel en in uiterste gevalle, anafilaktiese skok wat sterfte veroorsaak.
- Lewensbedreigende reaksies vind vernaam by persone wat reeds weet dat hulle baie allergies is vir byegif, ouer persone met voorafbestaande hart en longprobleme of persone wat veelvuldige steke opgedoen het, plaas.

VERMYDINGSMAATREËLS

- Dit blyk asof allergiese individue meer geneig is om deur bye gesteek te word – asof hulle bye “lok”.

- Mense wat allergies is vir by- en perdebysteke moet probeer om dit te vermy en wegbly van gebiede waar bye en perdebye gereeld voorkom, byvoorbeeld oop vullisdromme, oopgemaakte koeldrankblikkies, ens.
- Indien 'n swerm bye naderkom, moet skuiling gevind word, aangesien bye nie baie vinnig kan vlieg nie, en daar 'n kans is om te kan weghardloop.
- Hou 'n inseksproei in die kombuis en motor en hou 'n "byelap" byderhand om insekte te vang.
- Perdebye en bye word gelok deur die geure van blomme en helderkleurige klere met 'n donker agtergrond.
- Vermy parfuum, vrugtesappe en om vrugte te eet wanneer jy buite is.
- Waarsku jong kinders om nie hulle vingers in blomme te steek nie, aangesien daar bye in mag wees wat besig is om stuifmeel te versamel.
- Dra beskermende skoene en moenie kaalvoet loop wanneer daar baie blomme in die veld is of wanneer die grasperk met klawer begroei is nie. Skud klere wat op die grond gelê het, af voordat jy dit aantrek.
- Indien jy allergies is vir bye, moet jy nie in die midsomer gras sny, of die heinings en bome snoei nie. Indien jy 'n byekorf sien, moet jy dit nie versteur nie – 'n byeboer sal dit met graagte kom verwyder.
- Perdebyneste moet met petrol behandel word en dan vernietig word.

BESTUUR

- Indien jy gestee word, soek onmiddellik na die weerhakige angel in die geval van 'n bysteek en verwyder dit versigtig deur dit met 'n vingernael of 'n skerp voorwerp uit die vel te skraap.
- Moet dit nie druk nie, aangesien meer gif uit die angelsak in die vel in sal spuit.
- Bysteke in die kop of nek is gevaarliker aangesien swelling in hierdie gebiede die asemhaling kan dwarsboom. Plaas onmiddellik ys of 'n koue houer op die bysteek.
- Pasiënte wat allergies is vir bysteke moet adrenalien en antihistamien wat hulle self kan toedien, saamdra. Indien jy gestee is, moet dit onmiddellik toegedien word, en mediese hulp bekom word.
- Alle pasiënte wat vir bye allergies is, behoort 'n Medic Alert armband te dra.
- **Wees bekend met die vervaldatum van die adrenalien en vervang dit onmiddellik indien dit verval het, of nadat dit vir behandeling van 'n steek gebruik is.**

LANGTERMYN BESTUUR

- 'n Betroubare diagnose van die allergie is belangrik. 'n Bloedtoets kan gewoonlik die allergie bewys. Velpriktoetse vir gifstowwe word nie algemeen in Suid-Afrika uitgevoer nie.

- Allergie-inspuitings of Spesifieke Immunoterapie (SIT) behandel die ware oorsaak van die allergie. Hierdie reeks inspuitings moet deur 'n ervare dokter toegedien word, in 'n behoorlik toegeruste spreekkamer. Daar bestaan bewyse dat voltooide Spesifieke Immunoterapie (minstens 3 jaar) teen byegif-allergie 96% beskerming teen toekomstige bysteke bied.
- Indien reaksies minder ernstig is, kan antihistamine toegedien word. Daar word gewoonlik 'n vinnig-reagerende antihistamien voorgeskryf. Behoorlike mediese behandeling moet onmiddellik gesoek word.

Vir verdere inligting, besoek: http://en.wikipedia.org/wiki/Bee_sting

OUTEURSREG: ALLERGIE-GENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

2013



Vertaling deur CIPLA geborg